Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees <ul style="list-style-type: none"> om bewys te lewer van 'n afgeronde/gesofistikeerde kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n meer gevorderde vlak te kan uitdruk; om analitiese vaardighede te gebruik om 'n wye verskeidenheid van ingewikkelde materiaal (beide geskrewe en oudiovisueel) rakende kultuur, literatuur, geskiedenis, filosofie en aktuele sake te verstaan en te evalueer; om effektiewe vertalingsvaardighede toe te pas in die vertaling van 'n wye verskeidenheid ingewikkelde Franse tekste; om gevorderde begrip van 'n verskeidenheid vorme van die Franse letterkunde en kuns binne 'n bepaalde sosio-historiese en politiese konteks te kan demonstreeer en sodanige kunsvorme skriftelik te kan ontleed. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X3 uur — gewig: 40%		

L.9.4 GESKIEDENIS

Modulekode: HIST112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Temas in Suid-Afrikaanse geskiedenis		
MODULE UITKOMSTES Na die voltooiing van die HIST 112 module sal die student die volgende kan demonstreeer: 'n <u>Basiese</u> kennis en 'n ingeligte verstaan van: <ol style="list-style-type: none">Die gebeure waardeur Suid-Afrikaanse geskiedenis gevorm is en hoe dit inpas by die breër patrone en prosesse van wêreldgeskiedenis;Die verskillende bronne van kennis, relevant tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis veld;Verskillende benaderings tot Suid-Afrikaanse geskiedenis binne die konteks van wêreldgeskiedenis; <p>Die vermoë om 'n gepaste historiese benadering tot Suid-Afrikaanse geskiedenis te kies en mee te werk, spesifiek binne die konteks van Suid-Afrikaanse geskiedenis met die doel om Suid-Afrika se plek binne wêreldgeskiedenis te verstaan;</p> <p><u>Basiese</u> navorsingsvaardighede soos die versameling en verifiëring van informasie vanaf verskeie historiese bronne, analise en opsomming van kernaspekte van Suid-Afrikaanse geskiedenis, om sodoende te verstaan hoe en hoekom die geskiedenis ontvou het soos dit het in Suid-Afrika;</p> <p>Die vaardigheid om basiese kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis te kommunikeer, verbaal of geskrewe via verskeie tegnologiese en media, in 'n akkurate en koherente wyse, met 'n begrip van kopiereg en plagiaatreëls;</p> <p>Die vaardigheid om 'n geskrewe projek in verband met Suid-Afrikaanse geskiedenis suksesvol te voltooi;</p> <p>Die vaardigheid om as 'n groep te kan werk deur die effektiewe implementering van historiese bronne, om sodoende die plek van elke Suid-Afrikaner binne die ruimte en konteks van beide Suid-Afrikaanse en wêreldgeskiedenis te verstaan.</p>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessorering: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Summatiewe assessorering: Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: HIST123	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Temas in wêreldgeskiedenis		
MODULE UITKOMSTES Na die voltooiing van die HIST 123 module sal die student die volgende kan demonstreeer: 'n <u>Basiese</u> kennis en 'n ingeligte verstaan van: Die gebeurtenisse wat wêreldgeskiedenis gevorm het, vanaf prehistoriese tye tot die 21ste eeu; Die verskillende bronne van kennis, relevant tot die wêreldgeskiedenis veld; Verskillende benaderings tot wêreldgeskiedenis; Die vermoë om 'n gepaste historiese benadering tot geskiedenis te kies en mee te werk, spesifiek binne die konteks van wêreldgeskiedenis met die doel om Suid-Afrika se plek binne die prosesse en patrone van wêreldgeskiedenis te verstaan;		

Basiese navorsingsvaardighede soos die versameling en verifiëring van informasie vanaf verskeie historiese bronne, analise en opsomming van kernaspekte van wêreldgeskiedenis, om sodoende te verstaan hoe en hoekom die geskiedenis ontvou het soos dit het;

Die vaardigheid om basiese kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis te kommunikeer, verbaal of geskrewe via verskeie tegnologieë en media, in 'n akkurate en koherente wyse, met 'n begrip van kopiëring en plagiaatreëls;

Die vaardigheid om 'n geskrewe projek in verband met wêreldgeskiedenis suksesvol te voltooi;

Die vaardigheid om as 'n groep te kan werk deur die effektiewe implementering van historiese bronne, om sodoende die verloop en ontvou van wêreldgeskiedenis te verstaan

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assessering:

Toetse en werkstukke – gewig: 50%

Summatiewe assessering:

Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST122

Semester 2

NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot Erfenis- en kultuurtoerisme

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- 'n basiese kennis te demonstreer van erfenis- en kultuurtoerisme op grond van die volgende: toepaslike sleutelbegrippe (insluitend argeologiese begrippe relevant vir erfenistoerisme), reëls (veral dié rakende die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne en SAHRA), beginsels (veral dié wat verband hou met 'n gebalanseerde weergawe van die verlede) en etiek;
- 'n ingeligte begrip te toon in die organisasie en operasionele omgewing van erfenis- en kultuurtoerisme as sisteem binne die breër verband van 'n transformerende Suid-Afrikaanse samelewing, met spesiale verwysing na omstandighede in Noordwes-provinsie;
- vaardighede te demonstreer om die rolspelers en hulle onderlinge verhoudings binne hierdie organisasie en operasionele omgewing te kan uitwys en ontleed;
- individueel of in groepverband deur hierdie ontledings deeglik omskryfde roetine- en nie-roetineprobleme in die Suid-Afrikaanse toerismebedryf (veral Noordwesprovinsie) te identifiseer, ontleed en oplossings voor te stel;
- die uitkomst mondeling en skriftelik oor te dra ná die gegewens/inligting ingesamel, ontleed, beoordeel en 'n nuwe sintese geskep is, asook deur IT-hulpbronne in te span.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assessering:

Toetse en werkstukke – gewig: 50%

Summatiewe assessering:

Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST213	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Refleksies op Suid-Afrika in Afrika		
<p>MODULE UITKOMSTES</p> <p>Na die voltooiing van die HIST 213 module sal die student die volgende kan demonstree: 'n <u>Gedetailleerde</u> kennis en 'n ingeligte verstaan van:</p> <p>Die inhoud, oorsprong en ontwikkeling van kennis binne die veld van Afrika en Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis, asook 'n kritiese verstaan van relevante denkrigtings.</p> <p>Die historiese wortels van demokrasie vanaf antieke tye tot vandag, met 'n spesiale klem op demokrasie in Afrika en Suid-Afrika;</p> <p>Die geskiedenis van pre-koloniale, koloniale en post-koloniale Afrika en Suid-Afrika binne die raamwerk van politieke, sosio-kulturele en ekonomiese patrone van bestaan en prosesse;</p> <p>Die vermoë met insig die relevante benaderings tot geskiedenis 'te selekteer, evalueer en effektief toe te pas, om sodoende die sosio-ekonomiese en politiese ontwikkelings in die geskiedenis van Afrika en suid-Afrika te verstaan;</p> <p>Spesifieke metodes en tegnieke van historiese ondersoek en informasie versameling met die doel om die kennis te interpreteer, analiseer, evalueer en integreer, asook om die navorsing toe te gebruik binne 'n gegewe konteks deur die relevante benaderings tot geskiedenis toe te pas;</p> <p>Akkurate en koherente geskrewe en verbale kommunikasie van historiese informasie met 'n begrip van die etiese implikasies van besluite (byvoorbeeld plagiaatreëls, kopiereg ens.), aksies en praktyke spesifiek relevant tot die historiese professie;</p> <p>Die vaardigheid om basiese kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis te kommunikeer, verbaal of geskrewe via verskeie tegnologieë en media, in 'n akkurate en koherente wyse, met 'n begrip van kopiereg en plagiaat reëls;</p> <p>Die vaardigheid om 'n geskrewe historiese projek te voltooi, waarvan die sukses van die voltooide taak meetbaar is aan die gegewe historiografiese kriteria;</p> <p>Die vaardigheid om as 'n groep te kan werk deur die effektiewe implementering van historiese bronne, om sodoende suksesvol te kan reflekteer op die plek van Suid-Afrikaanse geskiedenis binne Afrika geskiedenis.</p>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Formatiewe assesserings:</p> <p>Toetse en werkstukke – gewig: 50%</p> <p>Summatiewe assesserings:</p> <p>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
Modulekode: HIST212	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Erfenis- en kultuurtoerisme en weergawes van die Suid-Afrikaanse verlede		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> • die kennis van die historiese ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse toerismebedryf (veral erfenis- en kultuurtoerisme as nisarea) aan te wend om tendense in die bedryf vas te stel, te ontleed en beoordeel; • hierdie tendense se geldigheid vas te stel deur argumente wat op toepaslike getuienis gebaseer is; 		

- deur toepaslike getuienis en voorbeelde uit die literatuur aan te wend, prosedures, metodes en tegnieke uit te soek en toe te pas wat geskik is om die Suid-Afrikaanse verlede krities te kan ontleed;
- uit hierdie ontleding, individueel en in groepe, strategieë te ontwikkel wat die onderskeie perspektiewe op die geskiedenis kan saamvoeg;
- die weergawe van die verlede deur verskillende groepe te ontleed, vergelyk en krities te beoordeel om idees te ontwikkel oor hoe erfenis- en toerismepraktisyns die omstrede verlede eties-aanneemlik aan hulle kliënte kan oordra;
- professionele akademiese argumente, konvensies en formate te kan inspan om deur die ontleding van gevallestudies aan te toon hoe erfenis as toegepaste geskiedenis in die toerismebedryf ingevoer kan word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assesserings:

Toetse en werkstukke – gewig: 50%

Summatiewe assesserings:

Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST223

Semester 2

NKR-vlak: 6

Titel: Analise van kontemporêre historiese temas

MODULE UITKOMSTES

Na die voltooiing van die HIST 223 module sal die student die volgende kan demonstreer:

’n Gedetailleerde kennis en ’n ingeligte verstaan van:

- Die inhoud, oorsprong en ontwikkeling van kennis binne ’n kontemporêre kwessie in verband met geskiedenis, asook ’n kritiese verstaan van relevante denkrigtings en vorme van verduideliking binne die analitiese, strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis;
- Ontdekking van die wortels van ’n geselekteerde kontemporêre historiese onderwerp wat handel oor die geskiedenis van Suid-Afrika, Afrika en/of die wêreld;
- Die natuur en aard van geskiedenis as sosiale aksie in die hede met die doel om met historiese perspektief die aard van die kontemporêre samelewing te verstaan;
- Die vermoë met insig die relevante analitiese, strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis te selekteer, evalueer en effektief toe te pas, om sodoende die natuur, aard en inhoud van ’n spesifieke kontemporêre historiese onderwerp te verstaan;
- ’n Begrip van die etiese implikasies van, aksies en praktyke spesifiek relevant tot die historiese profesie;
- Spesifieke navorsingsmetodes en -tegnieke van historiese ondersoek deur die toepassing van analitiese, strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis in ’n geskrewe historiese projek;
- Die vaardigheid om as ’n groep te kan werk om die strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis te verstaan en sodoende al die uitkomstes van die module suksesvol se bereik.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
 Formatiewe assessering:
 Toetse en werkstukke – gewig: 50%
 Summatiewe assessering:
 Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST312	Semester 1	NKR-vlak: 7
----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Historiese perspektiewe

Module-uitkomst: Na die voltooiing van die HIST 312 module sal die student die volgende kan demonstreer:

Geïntegreerde kennis en begrip van die praktyk van geskiedenis, met 'n fokus op die perspektiewe wat deur historici gebruik is om die aard van historiese verskynsels te verduidelik, asook die perspektiewe wat deur historici gebruik is om die ontwikkeling van geskiedenis in verband met ras, klas, gender, plaaslike en omgewing te verduidelik.

Geïntegreerde kennis en begrip van, asook die vermoë om korrek te evalueer en 'n spesifieke historiese perspektief toe te pas op verskeie areas van spesialisasie binne die veld van geskiedenis. Verder ook 'n begrip van hoe kennis verwant is aan kontemporêre historiese verskynsels om sodoende die faktore wat geskiedenis vorm te verstaan, asook die kategorieë waardeur om geskiedenis probeer verstaan.

Die vermoë om met etiese optrede en regverdige besluitneming, die faktore en kategorieë waardeur ons ons begrip van geskiedenis definieer te selekteer, evalueer en toe te pas, asook die gebruik van historiese metodes van ondersoek, om sodoende gefokusde navorsing te doen.

Die vaardigheid om die aard van historiese verskynsels te identifiseer, analiseer, krities op te reflekteer en aanspreek, met die doel om 'n spesifieke historiese perspektief toe te pas deur die gebruik van teorie-gedrewe argumente om te motiveer hoe die vorming van historiese prosesse plaasvind teen die agtergrond van relevante historiografie;

Akkurate en koherente geskrewe en verbale kommunikasie van historiese navorsingsprojekte, deur die toepassing van die historiese seminaarmetode.

Die vermoë om te kan werk as deel van 'n groep in 'n spesifieke konteks, deur te reflekteer op die verskillende perspektiewe van geskiedenis en die toepassing van gepaste historiese bronne waar dit van toepassing is.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
 Formatiewe assessering:
 Toetse en werkstukke – gewig: 50%
 Summatiewe assessering:
 Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST323	Semester 2	NKR-vlak: 7
----------------------------	-------------------	--------------------

Die aard teorie en beoefening van geskiedenis

MODULE UITKOMSTES

Na die voltooiing van die HIST 323 module sal die student die volgende kan demonstreer:

Geïntegreerde kennis en begrip van, sowel as die vermoë om intellektuele geskiedenis korrek te evalueer, vanaf antieke tye tot die huidige tyd, om sodoende te demonstreer hoe daardie kennis verwant is aan die skryf van geskiedenis.

Geïntegreerde kennis en begrip van aard van geskiedenis, deur te fokus op historiografie, teorie en metodologie met die doel om die belangrikste stappe in die proses van historiese navorsing te bemeester.

Die vermoë om met etiese optrede en regverdige besluitneming 'n reeks van verskillende maar toepaslike historiese metodologieë te selekteer, evalueer en toe te pas, om sodoende gefokusde navorsing te doen binne die konteks van 'n begrip van die sentrale historiografiese tendense in die geskiedenispraktijk;

Die vaardigheid om spesifieke historiografiese probleme te identifiseer, analiseer, krities te reflekteer en aan te spreek deur verskillende benaderings, soos 'n gevallestudie benadering, en hierdie historiografiese probleme aan te spreek met die relevante metodologie en teorie-gedrewe argumente;

Akkurate en koherente geskrewe en verbale kommunikasie in die vorm van 'n historiese navorsingsprojek;

Die vermoë om te kan werk as deel van 'n groep in 'n spesifieke konteks, deur te reflekteer op die teorie en metodes van geskiedenis en die toepassing van gepaste historiese bronne waar dit van toepassing is.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assesserings:

Toetse en werkstukke – gewig: 50%

Summatiewe assesserings:

Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST322

Semester 2

NKR-vlak: 7

Titel: Erfenis- en kultuurtoerisme in postkoloniale Suid-Afrika

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

'n afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die gemeenskappe en erfenishulpbronne wat met die 20ste- en 21ste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis vereenselwig word;

deur teoriegedrewe argumente hierdie kennis aan te wend vir die kritiese ontleding en die aanpak van bestaande en nuwe vraagstukke gebaseer op getuienis daaroor;

die basiese prosedures, metodes en tegnieke van historiese navorsing toe te pas om wetenskaplike inligting in die vorm van kwalitatiewe en kwantitatiewe gegewens in te samel oor een van die drie erfenis- en kultuurtoerisme-temas wat hier onder genoem word,

die ingesamelde gegewens krities te ontleed en aan te bied as 'n sistematies geskrewe verslag (met die gebruik van relevante IT-hulpbronne) sowel as 'n mondelinge aanbieding aan 'n gehoor.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assesserings:

Toetse en werkstukke – gewig: 50%

Summatiewe assesserings:

Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

L.9.5 GRAFIESE ONTWERP

Modulekode: GRFO112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Ontwerp 1		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese ontwerpbeginsels en visuele vormtaalelemente te kan verbaliseer en dit te kan toepas in die vorm van geslaagde ontwerpprojekte; • estetiese beginsels en simboliese vertolking te kan verduidelik en effektief te kan integreer in die uitvoer van suksesvolle ontwerpprojekte; • binne die konteks van 'n klein groep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê; • inleiding tot basiese konseptuele vaardigheidstegnieke met betrekking tot ontwerp te kan toepas; • basiese teorieë rondom ontwerpbeginsels op visuele asook verbale wyse te kan kommunikeer; • basiese tipografiese vaardighede met komposisie van ontwerpprojekte te kan integreer. • basiese ontwerp-rekenaarsagtewarebeginsels te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFO121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Toegepaste Ontwerp 1		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • die toepassing van ontwerpbeginsels in die vorm van gepaste kommunikasie-uitsette te lewer; • ontwikkeling van basiese konseptuele vaardigheidstegnieke met betrekking tot ontwerp te kan toon; • binne die konteks van 'n klein groep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê; • basiese teorieë rondom toegepaste ontwerp op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer; • basiese tipografiese beginsels geïntegreerd binne die ontwerpomgewing te kan toepas; • ontwerp beginsels op kreatiewe wyse te kan konseptualiseer met betrekking tot korporatiewe identiteit; en • basiese ontwerpbeginsels toe te pas deur gebruik te maak van toepaslike ontwerpsagteware 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFO212	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Toegepaste Ontwerp 2		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • die sagteware program Adobe Creative Suite (Illustrator, InDesign, Phototshop & Acrobat) voldoende te bemeester en ten volle te manipuleer; • voldoende rekenaargesteunde tegniese, grafiese ontwerp en grafiese produksie kennis te toon; • konseptuele en rekenaargesteunde probleme na te vors en op te los; 		

<ul style="list-style-type: none"> • 'n finale grafiese ontwerp eindproduk te genereer deur die toepassing, manipulasie en kombinasie van drie of meer sagteware programme; • gevorderde tipografiese vaardighede (keuse en onderskeidingsvermoë) te demonstreer; • basiese DTP (desktop publishing) beginsels en terminologie te verstaan en toe te pas; • gevorderde konsep ontwikkeling te demonstreer ten einde 'n suksesvolle ontwerpproduk te skep; • die artikulasie van konsepte in die vorm van 'n voorlegging aan 'n kliënt of 'n gehoor te sintetiseer; • teoretiese en visuele woordeskat aan te leer en te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFO213	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Kreatiwiteitteorie		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • die breinmeganismes wat kreatiewe denke tot gevolg het te begryp en doelmatig te aktiveer met behulp van toepaslike denkstrategieë; • 'n groot aantal oorspronklike idees te kan genereer met behulp van gestruktureerde denkprosesse wat ontwerp is om innovasie doelmatig te stimuleer; • begrip te toon vir die faktore wat kreatiwiteit beïnvloed en hierdie faktore volgens voorgeskrewe riglyne effektief te kan bestuur; • die verskillende fases van die kreatiewe proses te kan begryp en elke fase se toepaslike aktiwiteite effektief te kan implementer ten einde hoë vlakke van kreatiwiteit te verseker; • gestruktureerde denkprosesse te gebruik vir die effektiewe seleksie van die mees funksionele idee vir 'n voorgeskrewe grafiese ontwerp probleemstelling. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Werkstukke — gewig: 50% Toetse — gewig: 50%		
Modulekode: GRFO222	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Toegepaste Ontwerp 3		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • gevorderde kennis ten opsigte van rekenaarsagteware toe te pas en te integreer in die skep van suksesvolle ontwerpprojekte • illustrasie en grafiese ontwerp effektief te integreer en toe te pas in die vervaardiging van suksesvolle ontwerpprojekte • 'n verskeidenheid ontwerpbeginsele te verstaan en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerp projekte • gevorderde ontwikkeling van konseptuele vaardighede / tegnieke te toon met betrekking tot ontwerp • binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en om visueel sowel as verbaal aan te bied; • basiese teorieë met verwysing na die toepassing van rekenaarontwerp, visueel, mondelings en skriftelik te kan kommunikeer; • kleur kreatief te kan manipuleer deur middel van die rekenaar; • gevorderde inligtings- en verpakkingsontwerpprodukte te kan skep • basiese ontwerpe te kan skep met die klem op die integrasie van klank, beeld en animasie • probleme op die rekenaar te kan opspoor en op te los. 		

- gevorderde tipografiese beginsels integreer en binne die ontwerpomgewing te kan toepas
- die kreatiewe proses te bestuur van die begin tot afhandeling van die projek deur middel van 'n proses dokument / lêer / boek
-

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 50%

Paneelevaluasie van semester se werk — gewig: 50%

Modulekode: GRFO313

Semester 1

NKR-vlak: 7

Titel: Inleiding tot interaktiewe en drukgebaseerde Ontwerp

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- gevorderde kennis ten opsigte van rekenaarsagteware soos Adobe Creative Suite CS6 of hoër te kan toepas en integreer met die skep van geslaagde ontwerpprojekte;
- illustrasiekuns en grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpprojekte
- gevorderde kennis van die ontwerp proses toe te pas (in terme van handvaardige asook rekenaar media) binne 'n kreatiewe ontwerpomgewing;
- die ontwikkeling en voltooiing van die ontwerp proses te bestuur vanaf die konseptualisering tot die finale fase van reproduksie;
- gevorderde kreatiewe en konsepsuele denke en vaardighede toe te pas om interaktiewe en drukgebaseerde ontwerp te produseer;
- basiese teorieë rondom die toepassing van rekenaarontwerp op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- gevorderde konseptuele vaardighede relevant tot gemengde media, alternatiewe media en multimedia advertering te verstaan en toe te pas deur middel van toepaslike media betrokke;
- die effektiwiteit van ontwerpprodukte krities te evalueer ten einde 'n individuele metodologie en styl te kan ontwikkel;
- kreatiewe, oorspronklike en professionele oorhoofse aanbiedings te produseer en dit verbaal aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 50%

Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO323

Semester 2

NKR-vlak: 7

Titel: Interaktiewe en drukgebaseerde Ontwerp 1

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- Illustrasiekuns en Grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpprojekte
- gevorderde kennis te toon aangaande relevante rekenaarsagteware en dit te manipuleer en te integreer in die samestelling van 'n suksesvolle ontwerpprodukte;
- gevorderde kreatiewe konsepte en idees te genereer, binne die konteks van 'n klein groepie, en visueel asook verbaal aan te bied;
- omvattende korporatiewe / promosie veldtogte en toepaslike ontwerpprodukte te skep
- omvattende tipografiese projekte uit te voer en sodoende toepaslike kommunikasie doelwitte te bereik;

- verskeie sagtewareprogramme effektief te integreer om 'n enkele ontwerpproduk te skep;
- die kreatiewe proses van die begin af tot die voltooiing van die projek te bestuur;
- 'n finale professionele interaktiewe en drukgebaseerde portefeulje saam te stel wat 'n verskeidenheid ontwerpprodukte en vaardighede vertoon.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 50%

Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO414:	Semester 1	NKR-vlak: 8
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Toegepaste professionele praktyk 1

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- kennis van ontwerppraktykvaardighede te analiseer en korrek toe te pas ten opsigte van spesifieke ontwerpprobleme, byvoorbeeld reproduksietegnieke;
- professionele praktykbeginsels sintetiseer en die gepaste dimensies daarvan deur middel van ontwerp laat geskied;
- doeltreffend met kliënte te kan skakel;
- die verloop van die ontwerpproses en ontwerpprobleemoplossing vanaf die fase van konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel. Dit impliseer die analise, sintese en evaluasie van die kreatiewe proses;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en 'n ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;
- die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 50%

Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO424:	Semester 2	NKR-vlak: 8
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Toegepaste professionele praktyk 2

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- kennis van ontwerppraktykvaardighede te analiseer en korrek toe te pas ten opsigte van spesifieke ontwerpprobleme, byvoorbeeld reproduksietegnieke;
- professionele praktykbeginsels sintetiseer en die gepaste dimensies daarvan deur middel van ontwerp laat geskied;
- doeltreffend met kliënte te kan skakel;
- die verloop van die ontwerpproses en ontwerpprobleemoplossing vanaf die fase van konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel. Dit impliseer die analise, sintese en evaluasie van die kreatiewe proses;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en 'n ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;
- die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer;
- 'n finale portefeulje saam te stel wat 'n verskeidenheid ontwerpprodukte tentoonstel

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 50%

Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

L.9.6

GRAFIESE ONTWERP — MULTIMEDIA-ONTWERP

Modulekode: GRFM311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Inleiding tot Multimedia-ontwerp		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • beginsels onderliggend aan ontwerp en die ontwerpproses toe te pas tydens die ontwerp van beeldmateriaal, tipografie en klank, interaksie, beweging en sekwense; • verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die afhandeling van multimediaprojekte (Basies: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D-animasie en video); • die tegniese implikasies/beperkinge wat die multimedia-omgewing reguleer, te verstaan; • objek-georiënteerde programmering te gebruik vir die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Basies); • 'n verskeidenheid beskikbare digitale oplossings te gebruik vir die produksie van multimediaprojekte (Basies); • navorsing te gebruik om strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig; • as 'n effektiewe lid van 'n visuele kommunikasiespan te werk; • beginsels van webgebaseerde teorieë en tegniese terminologie toe te pas in die uitvoer van geslaagde aanlyn/aflynmultimediaprojekte; • kreatiewe konseptuele denkwyses en tegnieke te gebruik in die oplos van 'n gegewe probleem. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFM321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Multimedia-ontwerp		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • beginsels van ontwerp en die ontwerpproses toe te pas in die ontwerp van beeldmateriaal, tipografie en klank, interaksie, beweging en sekwense; • kreatiewe konseptuele denke en -tegnieke te gebruik in die oplos van 'n gegewe probleem; • verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die produksie van multimediaprojekte (Basies/Intermediêr: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video); • professionele multimedia-aanbiedings te skep wat die visuele kommunikasieboodskap effektief oordra; • 'n goedgestruktureerde argument te ontwikkel rondom 'n gegewe teoretiese tema in die vorm van 'n opstel; • objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Intermediêr); • 'n verskeidenheid beskikbare digitale oplossings te gebruik in die produksie van multimediaprojekte (Gevorderd); • as 'n effektiewe lid van 'n handelsmerk-kommunikasiespan te funksioneer; • 'n volledig-funksionele aanlyn- en aflynidentiteit en portefeulje te ontwikkel as blyke van die vaardighede van die multimedialeerder (Basies). 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		

Modulekode: GRFM411	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Toegepaste Multimedia-ontwerp		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n breë historiese insig te toon ten opsigte van die ontwikkeling van multimedia – vanaf die vroeë 1950s tot die hede; • 'n verskeidenheid bewegende beelde en film binne die kontemporêre omgewing te evalueer, analiseer en kritiseer; • verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die produksie van multimediaprojekte (Intermediêr/Gevorderd: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video); • sekondêre- en waarnemingsnavorsing te doen; • navorsing te gebruik om komplekse strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig; • objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Gevorderd); • sosiaal-verantwoordelike multimedia-ontwerp te skep; • die vier dimensies van mensgesentreerde ontwerp (etnografie, ergonomie, kultuur en samelewing) kan toepas; • as 'n effektiewe lid van die visuele kommunikasiespan kan funksioneer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFM421	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Gevorderde toegepaste Multimedia-ontwerp		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • beginsels van kontemporêre multimedia-ontwerpteorieë toe te pas tydens die daarstelling van ontwerpe; • ontwerp binne die konteks van, en vir die internasionale-, Afrika- en Suid-Afrikaanse arenas; • verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die skep van multimediaprojekte (Gevorderd: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video); • konsepte en ontwerpe krities te evalueer in die lig van die resepsie daarvan deur gehore; • objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Gevorderd); • 'n diepgaande begrip te toon van die verskillende elemente van multimedia-ontwerp asook hoe hierdie elemente deur digitalisering en beweging geraak word; • beginsels van interaktiewe ontwerp, kinestetiese ontwerp, karakterontwikkeling, klank en navigasie-ontwerp toe te pas tydens die skep van multimediaprojekte; • Navorsing te kan gebruik om strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig; • te funksioneer as 'n effektiewe lid van 'n visuele kommunikasiespan; • 'n volledig-funksionele aanlyn- en aflyn identiteit en portefeulje te kan ontwikkel wat die multimedialeerder se vaardighede tentoonstel (Gevorderd). 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		

L.9.7 ILLUSTRASIEKUNS

Modulekode: GRFI112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Illustrasiekuns:Basiese tekenkunstegniek 1		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n verskeidenheid tekenegnieke te kan bemeester en kreatief in 'n illustrasie te kan toepas; • 'n perseptueel akkurate waarnemingstudie te doen en natuurgetroue uitbeelding van 'n driedimensionele objek op 'n twee-dimensionele vlak uit te voer; • die vormtaalelemente van lyn, komposisie, vorm, tekstuur, ruimte en perspektief suksesvol in 'n illustrasie te kan implementeer; • verbeeldingryke en innoverende denke te genereer om 'n kreatiewe inslag aan 'n illustrasie te verleen; • die verskillende fases van die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase van 'n projek tot die afhandelingsfase daarvan; • 'n werksetiek met betrekking tot die leeromgewing te demonstreer wat stiptelikheid, toewyding, eerlikheid en professionaliteit reflekteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFI122	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Illustrasiekuns: Basiese skilderkunstegnieke		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis van die beginsels van visuele vormtaalelemente soos kleur, komposisie, styltegniek en vormuitbeelding in skilderkunstige media te kan toepas; • 'n basiese vermoë tot illusionêre ruimte-uitbeelding te kan toon deur perspektiefbeginsels prakties te kan illustreer; • basiese kennis van drie-dimensionele vormgewing en kleurteorie te kan illustreer; • simboliese vertolking deur middel van kreatiewe toepassing van skilder media te kan uitvoer; • 'n verskeidenheid kreatiewe styltegnieke te kan toepas; • binne die konteks van 'n klein groep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê; • vakwetenskaplike teorie op visuele, verbale en skriftelike wyse te kan kommunikeer; • 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFI211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Illustrasiekuns: Kreatiewe tegnieke: Teken- en skilderkuns 1		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • kennis te toon aangaande verskeie korporatiewe toepassings van illustrasiekuns soos tegniese, promosionele en redaksionele illustrasie en dit in verskeie media te kan uitvoer; • 'n illustrasie vir 'n gespesifiseerde markgerigte doel te skep; 		

<ul style="list-style-type: none"> • vaardighede te toon om 'n verskeidenheid illustratiewe media met selfvertroue te beheers; • binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê; • vakwetenskaplike teorie op visuele, verbale en skriftelike wyse te kan kommunikeer; • 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFI221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Illustrasiekuns: Kreatiewe tegnieke: Teken- en skilderkuns 2		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • vaardighede te toon in die uitvoer van gevorderde anatomiestudie in verskeie illustratiewe media; • kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van argitektoniese/ interieur- en verhalende illustrasie; • vaardighede te toon in die suksesvolle kombinasie van tipografie en illustratiewe beeld in 'n ontwerp-toepassing; • kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van botaniese/wetenskaplike illustrasies in 'n verskeidenheid van media; • kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van oortuigende gevorderde tegniese illustrasie; • kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van rekenaarmatige illustrasietoepassings; • binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê; • vakwetenskaplike teorie op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer; • 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFI312	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Illustrasiekuns: Toegepaste illustrasie		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • gevorderde kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van illustrasies van 'n gevorderde tegniese standaard vir 'n gespesifiseerde markgerigte doel; • binne die konteks van 'n kleingroep idees t.o.v. praktykgerigte illustrasie te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê; • vakteoretiese uitgangspunte rondom toegepaste illustrasie op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer; • gevorderde kennis en vaardighede te toon in die hantering van alle illustrasied mediums en -materiale en die beheersing daarvan met behendigheid en estetiese sensitiwiteit; • 'n sensitiwiteit ten opsigte van die tyd- en kultuurgees waarin geskep word te demonstree; • 'n hoë vlak van visuele geletterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstree; 		

<ul style="list-style-type: none"> • die tegniese en konseptuele problematiek van 'n praktykgerigte illustrasieopdrag te begryp en 'n toepaslike, oorspronklike oplossing daarvoor te vind; • om ingeligte en toepaslike keuses uit te oefen ten opsigte van die mees geskikte medium waarin 'n opdrag uitgevoer moet word; • 'n individuele illustrasiestyl te ontwikkel ten opsigte van tegniek en kreatiewe benadering. • 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFI321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Illustrasiekuns: Gevorderde toepassing		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> • alle illustrasie mediums met gevorderde behendigheid te beheers en die kreatiewe potensiaal van elke medium te optimaliseer; • op gevorderde vlak verbeeldingryke en innoverende denke te genereer ten einde 'n kreatiewe inslag aan 'n illustrasie te verleen; • hoë vlak konseptualisering te doen vir die kreatiewe interpretasie en uitbeelding van 'n gegewe teks of tema; • die verskillende fases van die kreatiewe proses effektief te kan bestuur vanaf die aanvangsfase van 'n projek tot die afhandelingsfase daarvan; • die rekenaar as illustrasie medium te kan benut en digitale tegnieke behendig te kan manipuleer vir 'n kreatiewe resultaat; • 'n hoë vlak van visuele geleterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstree; • kennis van kontemporêre illustrasiestyle, benaderings en tegnieke in illustrasiewerk te kan integreer; • 'n werksetiek met betrekking tot die leeromgewing te demonstree wat stiptelikeid, toewyding, eerlikheid en professionaliteit reflekteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
Modulekode: GRFI472	Jaarkursus	NKR-vlak: 8
Titel: Professionele praktyk (Illustrasie)		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> • illustrasies op 'n gevorderde vlak kritiese te kan evalueer; • alle illustrasie media met vindingrykheid en oortuiging te kan bemeester om 'n treffende en oorspronklike produk te kan ontwerp; • onafhanklik te kan werk en in 'n individualistiese styl te kan illustreer; • ontwerpvoorleggings op 'n afgeronde en professionele wyse te kan aanbied; • kennis van relevante kuns, illustrasie en ontwerpstyle en vormtaalelemente in ontwerpe te kan integreer; • binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê; • vakwetenskaplike teorieë mondeling en skriftelike te kan kommunikeer. • 'n praktiese portefeulje van professionele standaard saam te stel. 		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes:
 Toetse en werkstukke — gewig: 50%
 Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

L.9.8 KOMMUNIKASIE

Modulekode: KCOM111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Massakommunikasie		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n breë begrip van die geskiedenis, aard en omvang van massakommunikasie te toon; • die transformasie van die massakommunikasiebedryf in Suid-Afrika te kan beskryf; • 'n basiese kennis van enkele belangrike teoretiese perspektiewe op die massamedia te demonstreer; en • krities oor die massamedia te kan reflekteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
Modulekode: KCOM112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot kommunikasiekontekse		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • die historiese ontwikkeling van menslike kommunikasie vanaf die vroeë ontwikkeling daarvan tot die hedendaagse inligtingsamelewing en nuwe kommunikasietegnologieë, oorsigtelik te kan beskryf; • 'n deeglike begrip van die sleutelkonsepte en teorieë van kommunikasie te demonstreer; • teoretiese beginsels op verskillende kommunikasiekontekste toe te pas, insluitend intrapersonlike kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie en spraakkommunikasie; • grondige kennis en insig rakende die verskillende rolle, dinamika van leierskap en konflikbestuur binne die konteks van kleinroepkommunikasie te toon. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
Modulekode: KCOM121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot die joernalistiek		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • die konteks en funksies van die joernalistiek met verwysing na die take van redakteurs en verslaggewers, die funksionering van gedrukte, uitsaai- en digitale media in 'n konvergente medialandskap en die verskillende soorte joernalistieke skryfwerk te kan beskryf en verduidelik, en probleme te kan oplos binne 'n joernalistieke konteks; • basiese kennis en vaardighede oor die visuele/grafiese dimensie binne die joernalistieke konteks te demonstreer; 		

- navorsing te doen en die praktiese joernalistieke vaardighede in gedrukte, uitsaa- en digitale media toe te pas, individueel sowel as in groepswerk, en die bevindings in aanvaarbare formate te kommunikeer met behulp van gepaste IT;
- die normatiewe dimensie van die joernalistiek te identifiseer, te evalueer en toe te pas op voorbeelde uit die verskillende media in 'n konvergente medialandskap.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 66%

Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM122	Semester 2	NKR-vlak: 5
----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Inleiding tot korporatiewe kommunikasie

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- 'n basiese kennis en begrip van die belangrikste korporatiewe kommunikasieteorieë te toon, en te kan onderskei tussen skakelwerk en bemarking;
- 'n grondige kennis en begrip van die basiese teoretiese uitgangspunte van oordingskommunikasie, soos dit relevant is in 'n korporatiewe kommunikasiekonteks, te kan demonstreer;
- relevante kennis en begrip van die spesialisvelde in korporatiewe kommunikasie te kan weergee, sowel as die vermoë om oordingskommunikasie in elk van die velde te kan toepas; en
- oor etiese waardes, met betrekking tot die gebruik van oordingskommunikasie, skriftelike en mondeling te reflekteer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 66%

Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM211	Semester 1	NKR-vlak: 6
----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Publisering (DTP)

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- 'n breë kennis-basis te demonstreer rakende algemene publisering en verskillende soorte publikasies in die media-omgewing vanuit die oogpunt van 'n mediabeampte;
- bewys te lewer van 'n grondige begrip van die aard en eienskappe van lessenaar-publisering (DTP) en die koördineringsproses;
- basiese kennis en vaardighede in tipografie en drukprosesse vir bladuitleg te toon;
- uitleg en setwerk van verskillende publikasies met die gebruik van digitale media te kan doen.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 66%

Semestereksamen 1X1 uur-teoretiese eksamen en 1X3 uur praktiese eksamen — gewig: 34%

Modulekode: COMS221	Semester 2	NKR-vlak: 6
----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Reputasiebestuur

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:

- Reputasiebestuur binne Korporatiewe Kommunikasie te kontekstualiseer;

- Die fundamentele elemente van 'n reputasie, naamlik korporatiewe identiteit, korporatiewe beeld, handelsmerke en organisatoriese persoonlikheid en –gedrag binne die konteks van 'n gevallestudie te omskryf;
- Die belangriheid van 'n goeie reputasie in 'n organisatoriese konteks te verduidelik;
<ul style="list-style-type: none"> • gepaste seleksies van natuurliketaalverwerkingstegnieke maak om die taaldata vir 'n bepaalde toepassing gepas te modelleer; • gevorderde teksmanipulasie en -ontleding in Perl te programmeer, met implementasie in grafiese koppelvlakke. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X5 uur — gewig: 40%		
Modulekode: TTEG321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Taaltegnologie: Toepassings		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • probleme en oplossings met betrekking tot spraakherkenning en -sintese te kan verduidelik; • probleme en oplossings met betrekking tot teksherkenning en -produksie te kan verduidelik; • die vereistes en argitektuur van 'n taalgereedskapstel te verduidelik; • eenvoudige taaltegnologietoepassings te kan ontwikkel; • die grondbeginsels van objek-gerigte programmering toe te pas; • die belangrikheid van herbruikbaarheid en verplaasbaarheid te verstaan; • tegnieke vir beplanning en vooruitskatting toe te pas; • die behoefte stellingswerk vloei uit te voer; • klassieke en objekgerigte analiseringsmetodes te vergelyk en toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: TTEG411	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Taaltegnologie: Internskap		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • in spanverband te kan werk aan die ontwikkeling van taaltegnologiese toepassings; • taaltegnologiese probleme te identifiseer en oplossings ontwerp. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 100%		
Modulekode: TTEG421	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Natuurliketaalprosessering: Gevorderd		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • gevorderde beginsels van Natuurliketaalprosessering te kan toepas; • gevorderde woord- en sinsontleding met behulp van die rekenaar te kan doen; • 'n verskeidenheid van grammatikas te kan skryf en gebruik; • insig te hê in inligtingsonttrekking en tekskategorisering. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X6 uur — gewig: 40%		
Modulekode: TTEG422	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Taaltegnologie: Projek		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees		

om <ul style="list-style-type: none"> • 'n taaltegnologiese toepassing te kan ontwikkel en uitvoer; • gepaste metrieke vir die evaluering van toepassings te kan ontwikkel en toepas; • 'n projek selfstandig te bestuur; • 'n tegniese verslag oor 'n projek te kan skryf.
Metode van aflewering: Voltyds
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 100%

L.9.22 VERTAAL- EN TOLKSTUDIE

Modulekode: LPRA111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot die taalpraktyk		
Module-uitkomst: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling te demonstreer; • begrip van die rol van vertaling as dissipline en profesie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstreer; • belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer; • goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaalprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer; • inligting oor vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer; • teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot vertaalprobleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • praktiese vertaling met annotasies • klasaanbiedinge • opstelle • korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkarte) • toetse en 'n eksamen 		
Modulekode: LPRA121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Taalpraktyk en teks		
Module-uitkomst: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling en redigering te demonstreer; • begrip van die rol van vertaling as dissipline en profesie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstreer; • belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings en redigerings van geselekteerde tekste te lewer; • goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaal- en redigeerprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer; • inligting oor vertaalteorie en -praktyk en redigeerteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer; • teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot linguistiese vertaalteorieë en -probleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		

- praktiese vertaling en vertaal-hersiening met annotasies
- klasaanbiedinge
- opstelle
- korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkaarte)
- een kort projekbestuuropdrag
- toetse en 'n eksamen

Modulekode: LPRA211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk I		
Module-uitkomst: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike begrip van kernterminologie, -konsepte en -beginsels in linguistiese vertaalteorieë te demonstreer; • linguistiese beginsels en vertaalteorieë, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas om aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer; • goed gedefinieerde vertaalprobleme op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en om die sukses van oplossings te assesseer; • inligting oor linguistiese vertaalteorie en vertaalpraktyk te versamel, analiseer en sintetiseer; • teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot vertaalteorieë en -probleme doeltreffend te kommunikeer deur die toepaslike gebruik van tegnologie. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • praktiese vertaling met annotasies • klasaanbiedinge • opstelle • korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkaarte) • toetse en 'n eksamen. 		
Modulekode: LPRA222	Semester 2	NQF level: 6
Titel: Inleiding tot tolking		
Module-uitkomst: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om kennis van en/of vaardigheid in die gebruik van die volgende te demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> • tolkterminologie; • tolk- en vertaalkommunikasiemodelle; • die ooreenkomste en verskille tussen vertaling en tolking; • Gile se opeenvolgingsmodel van vertaling; • modusse en tipes (met die klem op onderwystolking); • die profiel van 'n professionele tolk; • faktore wat bydra daartoe om simultane tolking te bemoeilik; • tolketiek; en • tolktoerusting. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke – gewig: 60%		
Semestereksamen 1X2 uur – gewig: 40%		
Modulekode: LPRA311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk 2		
Module-uitkomst: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om		

<ul style="list-style-type: none"> • 'n gesofistikeerde en sistematiese begrip van kernterminologie, -konsepte en –beginsels van kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë te demonstreer; • kulturele, ideologiese en filosofiese beginsels en teorieë van vertaling, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer; • onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme op te los deur geskikte hulpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning aan te wend, en om die sukses van oplossings te assesseer; • kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer; • teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë en -probleme effektief en genuanseerd, en deur die toepaslike gebruik van tegnologie, te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • praktiese vertaling met annotasies • opstelle • korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkaarte) • toetse en 'n eksamen. 		
Modulekode: LPRA 312	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Gevorderde tegnologiese toepassings I: Masjiëvertaling en vertaalgeheue		
Module-uitkomste: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en -konsepte in masjiëvertaling en vertaalgeheue; • begrip te toon ten opsigte van die rol van rekenaar-geasseseerde vertaling (ook bekend as CAT) in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap; • CAT-hulpmiddels, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures, te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van gespesialiseerde tekste te produseer; • oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaalprobleme deur die gebruik van CAT- en taalpraktyk-hulpmiddels, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer; • kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting by wyse van CAT te versamel, analiseer en sintetiseer; en • teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op CAT doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik. 		
Metode van aflewering: Kontak, voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • praktiese vertaling met behulp van CAT-sagteware (bv. SDL-Trados) • klasaanbiedinge • opstelle • korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkaarte) • toetse en 'n CAT-projek-eksamen. 		
Modulekode: LPRA323	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Internskap: Tolking of Vertaling		
Module-uitkomste:		
<u>Vertaalopsie:</u>		
By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en –beginsels van vertaling; 		

- selekteer en pas vertaalhulpmiddelle en –tegnieke toe deur professionele en aanvaarbare produkte vir die praktyk te lewer;
- los onbekende konkrete asook abstrakte vertaalprobleme op deur die geskikte hulpbronne vir taalpraktyk, asook gesofistikeerde teoretiese besinning te gebruik, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;
- versamel, analiseer en sintetiseer kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor vertaling; en
- kommunikeer teoretiese en praktiese konsepte ten opsigte van die vertaalindustrie op 'n effektiewe en belese wyse deur middel van die geskikte tegnologie.

Tolkopsie:

By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:

- 'n doeltelke gedurende tolktake te produseer wat die bronteks se bedoeling effektief en akkuraat oordrag deur gebruik van woordeskat, terminologie en register wat geskik is vir die onderwerp en wat ook grammatikaal en idiomaties korrek en eg is;
- demonstree korrekte tolktegniek tydens tolktake ten opsigte van vloeibaarheid, gepaste stemgehalte vir die toerusting wat gebruik word en korrekte gebruik van toerusting; en
- demonstree die korrekte toepassing van etiese beginsels van tolking gedurende tolktake.

Metode van aflewering: Kontak, voltyds

Assesseringsmetodes:

Vertaalopsie:

- klasaanbiedinge
- opstelle
- korter, geskrewe opdragte (b.v. opsommings, notas en denkkarte)
- toetse en eksamen – gewig: 100% (deelnamepunte = modulepunt)

Tolkopsie:

Toetse, take, praktiese assessering – gewig: 100% (deelnamepunt = modulepunt)

Modulekode: LPRA324

Semester 2

NKR-vlak: 7

Titel: **Gevorderde teorie en navorsing: Tolking of masjienvertaling**

Module-uitkomst

By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:

- gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en – beginsels in die skep van masjienvertaling;
- begrip te toon ten opsigte van die rol van masjienvertaling in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;
- vertaalhulpmiddels en tegnieke, asook algemene vertaalprosesse, -tegnieke en - prosedures te selekteer en toe te pas ten einde professionele en aanvaarbare oudiovisuele materiaal met onderskrifte te skep en basiese tolking te doen;
- oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaalprobleme deur die gebruik van geskikte apparatuur, sagteware en hulpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;
- kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor vertaling te versamel, analiseer en sintetiseer; en
- teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op masjienvertaling doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.

Metode van aflewering: Kontak, voltyds

Assesseringsmetodes:

- klasvoorleggings

- opstelle
- korter geskrewe opdragte (b.v. opsommings, referate)

L.9.23 BA IN OPENBARE REGEERKUNDE

KOMMUNIKASIE

Modulekode: COMS121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Kommunikasievaardighede in die werksplek		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Begrip te toon vir die basiese elemente en prosesse van alledaagse kommunikasie interkasiesmet spesifieke fokus op luistervaardighede; • Basiese onderhandelingsbeginsels en interaksie tussen die SAPD en betrokkenes te fasiliteer; • Onderhoude met misdaadslagoffers en getuies op 'n logiese en beplande wyse te voer; • Verslae in term van SAPD riglyne, met sepsifieke verwysing na beëdigde verklarings, interne verslae, e-posse en memoranda, verslae aan bevelvoerders en misdaadverslae aan mediaverteenwoordigers op te stel; en • Basiese riglyne te volg tydens interaksie met mediaverslaggewers op misdaadtonele. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • Toetse en werkstukke — gewig: 50% • Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50% 		

ETIEK

Modulekode: ETIE314	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Etiek in die Werksplek		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:		
<ul style="list-style-type: none"> • demonstreer 'n omvattende kennisbasis in een of meer van die volgende spesialisasierigtings in etiek: die etiek van dienslewering, die etiek van professionaliteit, beroeps- en werksetiek, etiekbestuur, besigheidsetiek. Studente moet verder ook in staat wees om veelvuldige toepaslike vorms van ondersoek en beredenering te gebruik wat uniek is aan etiese ondersoek, om • temas in hierdie spesialisasierigtings te evalueer en 'n eie mening daaroor te vorm, om sodoende bewys te lewe van 'n eie wêreldbeskouing; • hulle kennis en eie sienings toe te pas op vraagstukke in ons huidige omgewing; • om 'n bewysgebaseerde verslag oor die bevindings te skryf op 'n manier wat kenmerkend is van etiese ondersoek. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • Werkstukke – gewig: 50% • Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% 		

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPP

Modulekode: PSDT111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Ontwikkeling van Professionele Vaardighede		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> • persoonlike eienskappe soos self-bestuur, die aanvaarding van verantwoordelikheid en om gemotiveerd te wees, te demonstreer; 		

<ul style="list-style-type: none"> • kennis te dra van en insig te openbaar in die rol wat groepsdinamika speel, groepslidmaatskapsvaardighede te openbaar, 'n groep te kan lei en diversiteit te kan bestuur; • die vermoë om verandering te kan bestuur, te demonstree; en • die vermoë om loopbaanbeplanning te kan doen en om die gekose loopbaan- 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • Werkstukke – gewig: 50% • Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% 		
Modulekode: FORP225	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Forensiese Ondersoekbestuur		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis en vaardighede te demonstree met betrekking tot die toepassing van relevante reëls en teorie oor die handelsmisdaadtoeneel, administrasie en inhoud van 'n dossier, voer van onderhoude en die bestuur van beriggewers; • 'n grondige kennis en vaardighede te demonstree om versamelde misdaadinligting te evalueer, profiele van verdagtes en getuies op te stel, verklaarings ooreenkomstig regsvereistes saam te stel, en inligting samehangend en betroubaar te kommunikeer; en • 'n Grondige kennis en vaardighede te demonstree en teoretiese insig te toon ten opsigte van faktore wat afwykende gedrag beïnvloed en kriminele aktiwiteite onderlê met spesifieke klem op ekonomiese misdrywe en georganiseerde misdaad. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • Werkstukke – gewig: 50% • Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% 		
Modulekode: FORP214	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Forensiese Regsaspekte		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennisbasis van die Strafreg te kan weergee met spesifieke verwysing na die beginsels met 'n seleksie van besondere handelsmisdade; • die terminologie wat spesifiek op die Strafreg van toepassing is binne konteks in geskrewe en mondelinge aanbieding te kan toepas; • handelsmisdade binne die Strafreg ingevolge die gemenerereg en statutêre bedeling te kan analiseer en om die relevante statutêre en gemeenregtelike reëls en beginsels waarop die staat oortreders kan skuldig bevind en straf vir die onregmatige, strafbare handeling en of versuim, wat besondere handelsmisdade daarstel aan te dui binne konteks en te kan toepas op feitestelle; • probleme te kan oplos deur feitestelle te analiseer en oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepaling; en • eie standpunte te kan weergee in die klas tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese manier wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • Werkstukke – gewig: 50% • Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% 		

REGSFAKULTEIT

Modulekode: CLLE211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Konstitusionele reg binne regstoepassing		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student oor die		

volgende te beskik:

- grondige kennis aangaande Staatsreg en die vernaamste velde wat dit insluit, asook die vermoë om werklikheidsverwante scenario's (goed gedefinieerde maar onbekende probleme binne bekende kontekste) voortspruitend uit problematiese Suid-Afrikaanse strukturele Grondwetlike regs kwessies, te ontleed;
- die vasstelling van inligtingstekorte betreffende problematiese kwessies, die beplanning van elementêre navorsing in dié opsig, die verkryging van toegang tot tersaaklike bronne en die versameling van toepaslike inligting;
- die doelmatige integrering van bekomde inligting en aanbied van vindingryke oplossings deur die gebruik van algemene terminologie, leerstellings, onderliggende en gevestigde teorieë en beginsels, verwante konsepte, prosesse, prosedures en tegnieke in Staatsreg.
- Studente moet ook in staat wees om 'n akademies-professionele diskoers mondeling en/of skriftelik samehangend te kan voer; en
- oplossings moet aan professionele- asook leke-gehore, individueel of in groepsverband, voorgelê kan word deur gebruik te maak van toepaslike elektroniese toerusting en aanvaarbare formate gebaseer op spesifieke konvensies om sodoende ingeligtheid aangaande verwante gebiede te toon.

Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer

Assesseringsmetodes:

- Werkstukke – gewig: 50%
- Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: ALLE221

Semester 2

NKR-vlak: 6

Titel: Administratiefreg binne regstoepassing

Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student oor die volgende te beskik:

- 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis en 'n samehangende en kritiese begrip van die beginsels en teorieë van die Administratiefreg, met besondere klem op:
 - die grondwetlike regte wat verband hou met administratiewe geregtigheid;
 - bronne van die administratiefreg;
 - substantiewe en prosedurele Administratiefreg, onder meer die konsep en definisie van administratiewe optrede, hersieningsgronde, metodes van beheer oor en kontrole van administratiewe optrede, die prosedure gevolg tydens en remedies beskikbaar op hersiening;
 - staatsaanspreeklikheid en
 - die interaksie tussen Administratiefreg en ander regsdissiplines;
- die vermoë om verskillende benaderings tot of problematiese Administratiefregtelike kwessies te analiseer, te kritiseer en kreatiewe oplossings voor te stel wat gebaseer is op 'n grondige waarde-sisteem en regsbeginne;
- die vermoë om onbekende en komplekse werklike probleme te identifiseer, analiseer en op te los deur die kennis van die Administratiefreg aan te wend en argumente wat teoreties begrond is, te gebruik om oplossings te bereik wat ondersteun word deur die feite;
- die vermoë om individueel en in groepsverband effektief, doeltreffend en onafhanklik inligting te bekom wat geïdentifiseer is as noodsaaklik om 'n probleem op te los of om vraagstukke of onderwerpe in hierdie vakgebied op te los of te analiseer; en
- die toepaslike mondelinge en skriftelike kommunikasievaardighede wat vereis word om oplossings of analyses effektief te kommunikeer, ook deur gebruik te maak van toepaslike inligtingstegnologie.

Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer

Assesseringsmetodes:

- Werkstukke – gewig: 50%
- Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

POLISIËRINGSPRAKTYK

Modulekode: POMA113	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Polisiebestuur: Die Statutêre en Regulatoriese Raamwerk binne die Polisiektor		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student oor die volgende te beskik:		
<ul style="list-style-type: none">• Kennis en 'n ingeligde begrip van die wetlike en regulatoriese raamwerk waarbinne die regering in die algemeen en polisiektore in die besonder implementering vind.• Die vermoë om die impak van die wetlike raamwerk op die polisiektor te analiseer en te interpreteer ten einde relevante kontekstuele aspekte aan te spreek.• Die vermoë om die breë bestuurs- en administratiewe raamwerk van die polisie aan te wend met spesifieke verwysing na die strukture en sisteme waarin die polisiektor funksioneer en dit te integreer in die oorkoepelende polisiebestuursfunksies.• Die vermoë om suiwer etiese gedrag in die interpretasie en aanwending van die reg in die polisiektor aan te wend.		
Metode van aflewering: Oop Afstandsleer		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: POMA114	Semester1	NKR-vlak: 5
Titel: Polisiebestuur: Effektiewe dienslewering binne die polisie diens		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student oor die volgende te beskik:		
<ul style="list-style-type: none">• Kundigheid en 'n goeie begrip ten van die openbare en implementeringswaarde van die <i>Batho Pele</i>-beginsel binne 'n professionele werkskonteks;• 'n Vermoë om kliente diensstrategieë en –tegnieke te selekteer ten einde dienslewering te verbeter;• Kundigheid en insig in die aanwending van etiese beginsels, standaard en professionele gedrag binne sektor-polisiebestuur en –administrasie;• Die vermoë om 'n voldoende institusionele kapasiteit te ontwikkel en te ondersteun deur middel van geïntegreerde beplannings- en ontwikkelingsprosesse;• Die vermoë om kliëntediensleweringstelsels en –prosesse te formuleer, te ontwikkel en te implementeer as deel van 'n span.		
Metode van aflewering: Oop Afstandsleer		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: POMA115	Semester1	NKR-vlak: 5
Titel: Polisiebestuur: Misdaadvoorkoming		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student oor die volgende te beskik:		
<ul style="list-style-type: none">• Kennis en 'n ingeligte begrip met betrekking tot relevante konsepte en benaderings tot misdaadvoorkoming;• Kennis en insig van misdaad-inligtingstelsels, tegnologiese hulpmiddels soos misdaad- en misdadiger profilering, asook menslike en fisiese hulpbronne wat aangewend kan word tydens misdaadvoorkoming;• Die vermoë om kennis en insig te gebruik ten einde misdaadvoorkomingsplanne saam te stel, uit te voer en te evalueer;• Die vermoë om misdaadvoorkoming te bestuur deur gebruik te maak van bestuursvaardighede ten einde strategies effektief binne 'n reeks situasies te kan		

<p>funksioneer deur gebruik te maak van beveiligings- en sekuriteits intervensies asook skarebeheer;</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die implementering van kort-, medium- en langtermyn misdaadvoorkomingstrategieë; • Die bestuur van gesamentlike misdaadvoorkomingsaksies tussen die SAPD en die gemeenskap; • Deelneem aan inter-dissiplinêre en inter-departementele misdaadvoorkomingstrategieë; • Die koördinerings van oorgrens misdaadvoorkomingsaksies; • Die vermoë om INTERPOL en SAPCCO (South African Regional Police Commissioners Coordinating Organisation) as inligtingsbron in die bestryding van misdaad aan te wend; en • Die vermoë besit om volhoubare nasionale en internasionale misdaadvoorkomingsamesprekings te inisieer. 		
<p>Metode van aflewering: Oop Afstandslêer</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
<p>Modulekode: POMA124</p>	<p>Semester1</p>	<p>NKR-vlak: 5</p>
<p>Titel: Polisiebestuur: Gemeenskapsdiensentrum Bestuur</p>		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student oor die volgende te beskik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Basiese kennis en ingeligte begrip van 'n <i>capita selecta</i> van die belangrikste relevante afdelings van die Strafproseswet van 1977 (soos gewysig). • Die vermoë om gespesialiseerde bestuursbeginsels op so 'n wyse aan te wend dat die Polisiegemeenskapsentrum effektief en strategies binne 'n spektrum van gebeurtenisse kan funksioneer. • Kennis van en die vermoë om beheersisteme binne die polisiegemeenskap-sentrum te evalueer deur middel van verskeie prosesse van inspeksie en dissipline. • Kennis van en die vermoë om die verskeidenheid primêre en sekondêre administratiewe funksies in die polisiegemeenskapsentrum te eidentifiseer en te evalueer. • Die vermoë om die bestuur van spesifieke insidente soos gesinsgeweld, gyselaarsituasies, vermiste persone en verslae met betrekking tot skietvoorvalle te identifiseer en te evalueer. • Beskik oor die kennis van en die vermoë om bestuur van die polisie se patrolliefunksie, sektorpolisieëring, verbale kommunikasie, diplomatieke immunititeit en voorregte en mediaskakeling te evalueer. • Beskik oor 'n ingeligte begrip en die vermoë om die bestuur van verskeie kommunikasiefunksies soos die afneem van 'n verklaring, die voltooiing van saakdossiere en die effektiewe gebruik van die Misdaad Administratiewe Stelsel (Crime Administration System – CAS) te evalueer. • Beskik or die vermoë om die wetlike en administratiewe beginsels rakende die bestuur van mense na arrestasie, aanhouding, ontslag, vervoer en dood tydens aanhouding te identifiseer en te evalueer. 		
<p>Metode van aflewering: Oop Afstandslêer</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
<p>Modulekode: POMA212</p>	<p>Semester 1/2</p>	<p>NKR-vlak: 6</p>
<p>Titel: Polisiebestuur: Leierskap en Bestuur</p>		

<p>Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer kennis van die beginsels, teorieë en strategieë vir effektiewe politieke en bestuursleierskap; • pas bestuurs- en leierskapsbevoegdhede en funksies toe in 'n plaaslikeregeringskonteks; • pas aspekte van veranderingsbestuur toe ten einde op te tree as 'n veranderingsagent om munisipaliteite voortdurend te transformeer. 		
<p>Metode van aflewering: Oop Afstandsleer</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
Modulekode: POMA224	Semester 2/1	NKR-vlak: 6
<p>Titel: Polisiebestuur: Koöperatiewe Regering</p>		
<p>Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • interpreteer en ontleed die beginsels van koöperatiewe regering en interregeringsverhoudings; • evalueer die rol van die provinsies in koöperatiewe bestuur en fiskale verhoudings; • demonstreer kennis van die verskillende meganismes om koöperatiewe regering te fasiliteer, soos MINMEC's, ens. 		
<p>Metode van aflewering: Oop Afstandsleer</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
Modulekode: POMA317	Semester 2/1	NKR-vlak: 7
<p>Titel: Polisiebestuur: Prestasiebestuur</p>		
<p>Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer kennis van die Regering-wye Monitorings- en Evalueringstelsel; • demonstreer kennis van die ontwerp en implementering van prestasiebestuurstelsels; • pas geskikte organisatoriese prestasiebestuurmodelle, toerusting en tegnieke soos 3E's, KPA's, PI's en Munisipale Telkaarte toe vir deurlopende munisipale prosesverbetering; • demonstreer kennis rakende die kritieke skakeling tussen organisatoriese prestasie en menslikehulpbron-prestasiekontrakte en -evaluerings. 		
<p>Metode van aflewering: Oop Afstandsleer</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
Modulekode: POMA323	Semester 2/1	NKR-vlak: 7
<p>Titel: Polisiebestuur: Projekbestuur</p>		
<p>Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer die kennis en die vermoë om die GOP en SDBIP te verwesenlik deur middel van strategiese planne, programme en projekte; • identifiseer en verken die verskillende fases in die proses van strategiese bestuur; • ondersoek die kritiese elemente van 'n munisipale strategiese plan; • pas die beginsels van PMBOK toe in munisipale projekte; • sit die lewensiklus van die projek uiteen en pas dit toe op munisipale projekte met spesifieke klem op die projekbeplanning; • demonstreer kennis van MIG en PMU's in munisipaliteite. 		
<p>Metode van aflewering: Oop Afstandsleer</p>		

Assesseringsmetodes:
 Werkstukke – gewig: 50%
 Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

POLITIEKE STUDIE

Modulekode: POLI113	Semester 1/2	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Politieke Studies		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:		
<ul style="list-style-type: none"> demonstreer 'n basiese kennis van inleidende politiek en verwante konsepte; bespreek verwante politieke konsepte krities en los basiese probleme op deur basiese vaardighede om inligting in te samel; kommunikeer die oplossings individueel of in groepe volgens aanvaarbare akademiese konvensies. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandslaar		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: POLI124	Semester 2/1	NKR-vlak: 5
Titel: Die Suid-Afrikaanse Politieke Stelsel		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:		
<ul style="list-style-type: none"> demonstreer 'n basiese kennis van die konteks van die hedendaagse Suid-Afrikaanse politiek en van die struktuur en komponente van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel, en identifiseer en interpreteer die onderlinge verhoudings tussen hulle; gebruik basiese vaardighede om inligting in te samel om eietydse Suid-Afrikaanse politieke probleme te identifiseer en oplossings voor te stel; 		
Metode van aflewering: Oop Afstandslaar		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		

OPENBARE BESTUUR EN REGERING

Modulekode: PUMA113	Semester 1/2	NKR-vlak: 5
Titel: Grondslae van Openbare Bestuur		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:		
<ul style="list-style-type: none"> Interpreteer die grondslae en teoretiese begroning van Openbare Bestuur en Regering as 'n dissipline; toon insig in die multidissiplinêre aard van Openbare Bestuur en Regering; verduidelik die verskil tussen die openbare en private sektor; beredeneer die noodsaaklikheid vir goeie bestuur in die Suid-Afrikaanse konteks. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandslaar		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: PUMA123	Semester 2/1	NKR-vlak: 5
Titel: Lokus en Fokus van Openbare Bestuur		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:		

<ul style="list-style-type: none"> • ontleed en verduidelik die aard van die verskillende omgewings (polities, ekonomies, natuurlik, tegnologiees kultureel, sosiaal en wetlik/statutêr) wat 'n impak het op die werk van die openbare bestuurder; • baken bestuurswerk af in die volgende sosiale sfere: verdediging, welsyn, maatskaplik en sosiaal, kultureel en opvoedkundig, en omgewingsake; • identifiseer en verduidelik die verskillende bestuursfunksies (leierskap, beplanning, koördinerings en beheer) en pas hierdie funksies toe. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: PUMA213	Semester 1/2	NKR-vlak: 6
Titel: Munisipale Bestuur		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen: <ul style="list-style-type: none"> • beskik oor 'n afgeronde en sistematiese kennis van munisipale bestuur in Suid-Afrika; • demonstreer goed ontwikkelde vaardighede deur die ontleding, evaluering en oplossing van komplekse probleme rakende munisipale bestuur, en kommunikeer die oplossings individueel en in 'n groep in die voorgeskrewe formate en op 'n eties aanvaarbare manier. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: PUMA223	Semester 2/1	NKR-vlak: 6
Titel: Die Regering en Volhoubare Ontwikkeling		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen: <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer 'n deeglike en ingeligte begrip van die sosioëkonomiese en demografiese omgewing van Suid-Afrika en Suider-Afrika; • pas die onderskeie regeringsinisiatiewe vir volhoubare ontwikkeling toe op nasionale vlak en binne 'n Afrika-konteks; en ontleed, sintetiseer en evalueer dit; • kommunikeer alternatiewe meganismes vir dienslewering, individueel of in 'n groep, op 'n eties geskikte wyse. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: PUMA315	Semester 1/2	NKR-vlak: 7
Titel: Inleiding tot Navorsingsmetodologie		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen: <ul style="list-style-type: none"> • verstaan die fundamentele beginsels van lees met begrip, gevorderde vlak van skryf, effektiewe navorsing en navorsingsmetodologie; • verstaan die verskillende tipes en kategorieë en pas dit toe; • begryp en gebruik navorsingstegnieke en -metodes; • verstaan die basiese stappe in die navorsingsproses sowel as die kultuur van navorsing; • stel 'n basiese navorsingsverslag saam; • verstaan die basiese elemente van 'n navorsingsvoorstel. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		

Modulekode: PUMA316	Semester 1/2	NKR-vlak: 7
Titel: Openbare Beleid en Beplanning		
<p>Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer 'n grondige kennis en ingeligte begrip van die openbare prosesse en beleidsformulering in Suid-Afrika, al die rolspelers en die openbare bestuurders in hierdie verband; • demonstreer individueel of in 'n groep doeltreffende dataversamelingsvaardighede en verwerkingstrategieë, asook kritiese analise, sintese en evaluering van inligting en bronne; • identifiseer en gee 'n doeltreffende ontleding van hoe beleid en prosesse op die samelewing impakteer, en na verkryging van die nodige inligting, bied dit aan deur middel van geskikte programme en projekte op 'n eties verantwoordelike wyse. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
Modulekode: PUMA324	Semester 2/1	NKR-vlak: 7
Titel: Strategiese Openbare Hulpbron- (Finansiële) Bestuur		
<p>Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer 'n afgeronde en sistematiese kennis van strategiese openbaresektorbestuur met betrekking tot finansies, en beredeneer dit; • ontleed en brei die beginsels, teorieë en metodes van finansiële bestuur in die openbare sektor uit en pas die nuut verwerwe insig toe op die keuse van die doeltreffende geskikte opsies; • ontleed ongedefinieerde en dikwels abstrakte probleme met betrekking tot finansiële sake in die openbare sektor (bv. die bestuur van verandering, beperkte fondse en gebrekkige vaardighede) as uitdagings vir die bestuur; en stel oplossings voor en kommunikeer en hanteer dan hierdie kwessies deur middel van die moderne IT-tegnologie. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
Modulekode: PUMA325	Semester 2/1	NKR-vlak: 7
Titel: Strategiese Openbare Menslikehulpbron- (MH-) Bestuur		
<p>Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer 'n fundamentele kennis en 'n samehangende en kritiese begrip van strategiese menslikehulpbronbestuur; • identifiseer komplekse menslikehulpbronbestuursprobleme in 'n goed gedefinieerde konteks en evalueer hierdie probleme krities op grond van beleid ten einde aanbevelings vir probleemoplossing te maak; • doen aanbevelings, individueel of in 'n groep, rakende menslikehulpbronbestuur in die openbare sektor en kommunikeer dit deur middel van geskikte formate binne 'n etiese konteks. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsl eer		
<p>Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		

SOSIALE ANTROPOLOGIE

Modulekode: SANL225	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Stedelike Antropologie.		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> • 'n basiese kennis en omvattende begrip te toon rakende sleutelbegrippe in Stedelike Antropologie; • doeltreffende vaardighede in kwalitatiewe navorsing kan toepas om die verwikkelde en verweefde aard van navorsingsvrae wat verband hou met stedelike kontekste en stedelike sosiale fenomene kan ontleed, evalueer en sintetiseer, en daarna die gegewens betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied. 		
Metode van aflewering: Oop Afstandsleer		
Assesseringsmetodes: Werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		

SOSIOLOGIE

Modulekode: SOCL121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Sosiologie – instellings en die Suid-Afrikaanse omgewing		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis te demonstreer van verskillende sosiale instellings in die samelewing; • teoretiese perspektiewe op verskillende sosiale instellings toe te pas en bekende probleme in die lig daarvan te beredeneer; • inligting te versamel en basiese ontleding, sintese en evaluering te doen en daarby die resultate volgens akademies konvensies te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: SOCL211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Sosiologie van ontwikkeling en sosiale probleme		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis en 'n ingeligte begrip van ontwikkeling en sosiale probleme onafhanklik en afhanklik te toon; • in hierdie opsig ingewikkelde en toepaslike probleme te identifiseer, vergelykings te tref, oplossings voor te stel en individueel of in groepverband volgens akademiese konvensies te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		